Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# DANSSTUDIES

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
   - AFDELING A – Veilige Danspraktyke en Gesondheidsorg
   - AFDELING B – Dansgeskiedenis en -geletterdheid

2. Lees die hele vraestel noukeurig deur, voordat jy dit beantwoord.

3. Daar is 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.

4. Daar is ELF vrae in hierdie vraestel.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat DRIE reëls na elke VRAAG oop.

7. Begin ELKE AFDELING op 'n NUWE bladsy.

8. Trek 'n lyn deur enige vrae wat jy nie gemerk wil hê nie.

9. Die punte word NIE volgens die beginsel van 'een punt per een feit' toegeken NIE, maar volgens die gehalte van jou antwoord.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYKE EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1

1.1 Verduidelik in detail wat "*'n gebalanseerde dieet"* is. (2)

1.2 Waaruit moet 'n danser se dieet gedurende oefening en repetisies bestaan? (3)

1.3 Gee die definisie van die eetversteuring "*Anorexia Nervosa*". (2)

1.4 Behalwe vir erge gewigsverlies, wat is sommige ander uitwerkings van "Anorexia" op die liggaam? (3)


**[10]**

**JY HET 'n KEUSE TUSSEN VRAAG 2 EN VRAAG 3.**

### VRAAG 2



**A**



**B**

2.1 Gee die name van elkeen van die tipe gewrigte in die sketse hierbo, genoem **A** en **B**. (2)

2.2 Gee EEN anatomiese aksie vir **A**. (1)

2.3 Gee EEN anatomiese aksie vir **B**. (1)

2.4 Verwys na die skets van gewrig **A** en noem 'n gedeelte van die liggaam waar hierdie gewrig gevind kan word. (1)

2.5 Verwys na die skets van gewrig **B** en noem 'n gedeelte van die liggaam waar hierdie gewrig gevind kan word. (1)

2.6 Noem en verduidelik VIER funksies van die skelet (geraamte). (4)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die foto hieronder en identifiseer die opvolgende anatomiese aksies wat in hierdie danser se verskillende gewrigte plaasvind. Noem EEN ANATOMIESE aksie vir elke beweging.




3.1.1 Die kop (1)

3.1.2 Die heup – voorste regterbeen (1)

3.1.3 Die heup – agterste linkerbeen (1)

3.1.4 Die enkels – albei bene (1)

3.2 3.2.1 Gee die naam van die grootste spier in die liggaam. (1)

3.2.2 Gee die naam van die langste spier in die liggaam. (1)

3.2.3 Gee die name van TWEE spiere wat gebruik word vir kernstabiliteit. (2)

3.2.4 Gee die name van TWEE spiere wat gebruik word vir spierkrag om bewegings oor ʼn tydperk saam te trek sowel as vir verplasing van gewig soos in spronge, voortbewegings en draaie. (2)

**[10]**

## VRAAG 4

4.1 Gee die naam van EEN van die beginsels van liggaamskondisionering wat ŉ danser se postuur sal verbeter. (1)

4.2 Hoe kan hierdie beginsels van liggaamskondisionering bereik word? (2)

4.3 Wat is die voordele van spierkrag vir ŉ danser? (3)

4.4 Ontwerp ŉ plakkaat vir jou klaskamer wat ten minste VIER wenke gee oor hoe om veilig te strek. (4)
**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Pas die korrekte voetprobleem in KOLOM B by die behandeling in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in KOLOM A en die gepaste letter (A–E) van die antwoord uit KOLOM B op jou antwoordblad, byvoorbeeld 5.1.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Week voete in warm water met koeksoda | A | Gekraakte hakke |
| 5.1.2 | Smeer salf teen-swam aan of gebruik voetpoeier | B | Gebarste vel |
| 5.1.3 | Gebruik poeier op jou voete om die hoeveelheid vog te verminder | C | Moeë voete |
| 5.1.4 | Smeer room aan jou voete om droë vel te voorkom | D | Sweterige voete |
| 5.1.5 | Verbind die balle van jou voete wanneer jy dans | E | Atletiese voete |

(5 x 1) (5)

5.2 Wat is die oorsaak van krampe gedurende dansklasse? (2)

5.3 Hoe kan ŉ besering soos skeenbeensplinters verhoed word? (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6

Hierdie jaar het jy ŉ kruis-kulturele/inheemse dans geleer. Voorsien die volgende inligting.

6.1 Gee die naam van die dans en waar dit vandaan kom. (1)

6.2 Wie sal hierdie dans uitvoer? (1)

6.3 Wat is die doel van hierdie dans? (1)

6.4 Beskryf die deelnemers se kleredrag. (2)

6.5 Bespreek die musikale begeleiding wat in hierdie dans gebruik word. (2)

6.6 Waar sal hierdie dans plaasvind, en watter tipe bewegings sal in die dans gebruik word? (3)

6.7 Bespreek sommige van die simboliek in Afrika-dans. (2)

**[12]**

### VRAAG 7

Hierdie jaar het jy ŉ voorgeskrewe internasionale danswerk en ŉ internasionale choreograaf bestudeer. Beantwoord die volgende vrae.

| **INTERNASIONALE CHOREOGRAAF** | **DANSWERKE** |
|---|---|
| George Balanchine | *Appollo/Jewels* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dancers* |
| Mathew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Pina Bausch | *Rites of spring* |
| William Forsythe | *In the middle, somewhat elevated* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| Jiri Killian | *Wings of wax* |

7.1 Gee die naam van die danswerk en die choreograaf.

7.2 Verskaf die storie/sinopsis van die danswerk. (4)

7.3 Beskryf die kostuums wat deur die dansers gedra was. (3)

7.4 Beskryf die dansstyl van die danswerk. (3)

7.5 As ŉ Suid-Afrikaanse dansstudent, waarom dink jy is dit belangrik om oor internasionale dansgeskiedenis te leer? (2)

**[12]**

## VRAAG 8

Kies EEN SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF EN DANSWERK uit die voorgeskrewe lys hieronder en beantwoord die volgende vrae.

| **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Alfred Hinkel | *Last Dance (Bolero)/Rain in a dead man's footprints/Cargo* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Caroline Holden | *Imagenes* |
| Gregory Maqoma | *Beauty Trilogy/Skeleton Dry* |

8.1 Gee die naam van die choreograaf en die naam van die danswerk.

8.2 Voorsien inligting oor wat hierdie choreograaf beïnvloed en geïnspireer het. (3)

8.3 Beskryf sy/haar dansopleiding/choreografiese loopbaan. (3)

8.4 Gee 'n beskrywing van die musikale begeleiding wat in hierdie dans gebruik word. Sluit in die komponis/kunstenaars/genre/instrumente, ens. (2)

8.5 Hoe het die musiek die danswerk verbeter? (2)

**[10]**

## VRAAG 9

Pas KOLOM A by KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–D) van die instrument langs die ooreenstemmende vraagnommer (9.1–9.4) op jou antwoordblad, byvoorbeeld 9.5 E.

| **KOLOM A** | | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 9.1 | Chordofoon | A | Afrika trom |
| | | | |
| 9.2 | Membranofoon | B | Trompet |
| | | | |
| 9.3 | Idiofoon | C | Viool |
| | | | |
| 9.4 | Aerofoon | D | Mbira |

**[4]**

**VRAAG 10**

Daar is verskillende hoofdansstyle. Beantwoord die volgende vrae oor jou hoofdansstyl.

10.1 Gee die naam van jou hoofdansstyl. (1)

10.2 Gee ŉ kort verduideliking oor die oorsprong en geskiedenis van jou hoofdansstyl. (3)

10.3 Hoe sal jy jou hoofdansstyl herken? (3)

10.4 Noem sommige van die beginsels van jou hoofdansstyl. (3)
**[10]**

**VRAAG 11**

11.1 Wat is die doel van improvisasie? (2)

11.2 Gedurende jou improvisasie-lesse het jy "vertrouings-bewegings" gedoen. Gee redes waarom vertroue tussen dansers belangrik is. (2)

11.3 Verduidelik EEN van die "vertrouings-bewegings" wat jy gedurende klas gedoen het en hoe dit jou laat voel het. (3)

11.4 Wat is rekwisiete? Gee EEN voorbeeld van hoe dit gebruik kan word. (2)

11.5 Noem die dinge wat jy sal oorweeg wanneer jy ŉ pamflet of ŉ plakkaat ontwerp om jou dansproduksie te adverteer. (3)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**